

Republiek van Suid-Afrika



## MINISTER VAN BUITELANDSE SAKKE EN INLIGTING

Hendrik Verwoerdgebou 1718  
 Kaapstad  
 8001  
 Tel 455848  
 MB 10/1/31  
 MB 10/1/8

24 Februarie 1984

Geagte Kollega

SAMESPREKINGS TUSSEN CROCKER EN SAVIMBI, PRETORIA,  
18 FEBRUARIE 1984

Dokumentasie:

- A. Telegram nr 168 ontvang van Ambassadeur Washington.
- B. Verslag Hoof van Staf Inligting.
- C. Brief aan Sy Edele M A de M Malan gedateer 24 Februarie 1984.
- D. Telegram nr 183 ontvang van Ambassadeur Washington.

As gevolg van Suid-Afrika se samesprekings met Angola in Lusaka en voorafgaande aankondigings wat gedui het op 'n moontlike ooreenkoms tussen Suid-Afrika en Angola, het dr Savimbi om verstaanbare redes al hoe meer verontrus geraak dat hy in hierdie proses geïsoleer kan word. Dr Savimbi was veral begaan oor berigte wat hom bereik het as sou die Amerikaners voornemens was om die MPLA-regering sondermeer te erken. Ook was hy bekommerd oor berigte dat die Amerikaners sou instem dat die Kubane net gedeeltelik onttrek word uit Angola. Verder het hy gevoel dat die Amerikaners hom afskeep en dat UNITA se posisie nie voldoende in ag geneem word in al die onderhandelinge wat daar aan die gang is nie.

Ek het hierdie gesigspunte aan dr Crocker oorgedra toe ons op 16 Februarie 1984 in Lusaka ontmoet het. Ek het dit teenoor dr Crocker benadruk dat dit van groot belang was dat die VSA ten spoedigste met dr Savimbi moes gesels en moes probeer om hom gerus te stel.

Dr Crocker het ten spyte van 'n druk werksprogram sondermeer ingestem om dr Savimbi op Saterdag, 18 Februarie 1984, in Pretoria te woord te staan. Die gesprek het ietwat meer as vier uur geduur.

/2 Dit

GEHEIM

-2-

Dit het agterna geblyk dat dr Savimbi nie tevrede gevoel het oor die gesprek nie. Genl Alexander Haig, wat dr Savimbi op 19 Februarie 1984 besoek het, het ook bevestig dat hy senuweeagtig en verward was as gevolg van die gesprek met dr Crocker.

Ek het hierdie toedrag van sake deur ons ambassadeur in Washington aan dr Crocker oorgedra en versoek dat die Amerikaners ons moes voorsien van hulle weergawe van die gesprek.

Kollega Magnus Malan het terselfdertyd die Hoof van Staf Inligting, wat ook die gesprek bygewoon het, versoek om verslag te doen oor sy weergawe van die gesprek. U sal belangstel in albei verslae wat hierby aangeheg word.

Ek het 'n ontleding van die gesprek in 'n brief aan Kollega Malan vandag oorgedra. 'n Kopie daarvan word ook hierby aangeheg.

Omdat die rol van UNITA 'n wesentliche invloed gaan uitoefen in die soeke na 'n vreedsame oplossing in hierdie gedeelte van ons subkontinent is ons tans besig om verder druk op die Amerikaners uit te oefen om so spoedig as moontlik weer 'n senior verteenwoordiger na dr Savimbi te stuur ten einde 'n verdere gesprek met hom te voer in 'n poging om sy bedenkinge uit die weg te ruim.

Dr Crocker was onthuts om van ambassadeur Brand Fourie te verneem dat dr Savimbi verontrus was as gevolg van die gesprek wat daar tussen hulle plaasgevind het. Sy reaksie, tesame met die punte wat ek dr Fourie gevra het om namens die Suid-Afrikaanse regering aan hom oor te dra, is vervat in ons ambassadeur se telegram nr 183 van 23 Februarie 1984 wat hierby aangeheg word. Die verklaring van UNITA waarna in die eerste paragraaf van hierdie telegram verwys word en wat vermoedelik verder bygedra het tot dr Crocker se ontsteltenis is skynbaar 'n verklaring wat UNITA uitgereik het waarin UNITA gesê het dat hy nie ten opsigte van enige staakvuur in enige deel van Angola sal saamwerk in die lig van 'n nuwe offensief wat van die kant van die MPLA teen UNITA geloods is nie.

/3 Na

GEHEIM

GEHEIM

-3-

Na aanleiding van dr Crocker se houding oor hierdie verklaring het ek dr Fourie versoek om punte A - E van paragraaf 2 van Washington se telegram van 23 Februarie 1984 persoonlik aan dr Crocker oor te dra.

Met vriendelike groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'R F Botha'. The signature is stylized with a large 'R' and 'B'.

R F BOTHA

GEHEIM